OCEANA GROUP LIMITED



**WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL**
**18% HOËR**

**EINDDIVIDEND PER AANDEEL**
**18% HOËR**

# GEOUDITEERDE GROEPRESULTATE EN DIVIDENDVERKLARING

*vir die jaar geëindig 30 September 2009*



## VERKORTE GROEPINKOMSTESTAAT

| | Aantekeninge | 2009 Geouditeer R'000 | 2008 Geouditeer R'000 | Veranderinge % |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | **3 301 288** | 3 002 476 | 10 |
| **Bedryfswins voor abnormale items** | | **410 866** | 317 284 | 29 |
| Abnormale items | 1 | **19 329** | 11 725 | 65 |
| Bedryfswins | | **430 195** | 329 009 | 31 |
| Dividende ontvang en opgeloop | | **18 731** | 19 103 | (2) |
| Netto rente ontvang | | **7 230** | 10 311 | (30) |
| **Wins voor belasting** | | **456 156** | 358 423 | 27 |
| Belasting | | **148 223** | 104 153 | 42 |
| **Wins na belasting** | | **307 933** | 254 270 | 21 |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Aandeelhouers van Oceana Groep Beperk | | **292 199** | 246 073 | 19 |
| Buite-aandeelhouers in filiale | | **15 734** | 8 197 | 92 |
| | | **307 933** | 254 270 | 21 |
| Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verdienste per aandeel gegrond word (000'e) | 2 | **99 041** | 98 721 | |
| Aangepaste geweegde gemiddelde getal aandele waarop verwaterde verdienste per aandeel gegrond word (000'e) | | **101 950** | 100 144 | |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | | | | |
| Basies | | **295.0** | 249.3 | 18 |
| Verwater | | **286.6** | 245.7 | 17 |
| **Dividende per aandeel (sent)** | | **184.0** | 156.0 | 18 |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | | | | |
| Basies | | **279.4** | 237.7 | 18 |
| Verwater | | **271.5** | 234.3 | 16 |

## VERKORTE GROEPBALANSSTAAT

| | 2009 Geouditeer R'000 | 2008 Geouditeer R'000 |
|---|---|---|
| **Bates** | | |
| Nie-bedryfsbates | **534 276** | 516 084 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **352 170** | 334 147 |
| Klandisiewaarde | **18 774** | 23 544 |
| Handelsmerke | **17 343** | 21 749 |
| Uitgestelde belasting | **5 878** | 5 386 |
| Beleggings en lenings | **140 111** | 131 258 |
| Bedryfsbates | **1 188 010** | 1 039 398 |
| Voorraad | **589 814** | 344 458 |
| Rekeninge ontvangbaar | **408 793** | 424 405 |
| Kontant en kontantekwivalente | **189 403** | 270 535 |
| Totale bates | **1 722 286** | 1 555 482 |
| **Ekwiteit en laste** | | |
| Ekwiteit | **1 125 696** | 999 558 |
| Aandelekapitaal en -premie | **16 536** | 2 370 |
| Valuta-omrekeningsreserwe | **(2 518)** | 22 376 |
| Kapitaaldelgingsreserwe | **130** | 130 |
| Kontantvloeiverskansingsreserwe | **(7 856)** | |
| Aandeelgebaseerde betalingsreserwe | **32 015** | 24 616 |
| Uitkeerbare reserwes | **1 053 395** | 920 434 |
| Belang van eie aandeelhouers | **1 091 702** | 969 926 |
| Belang van buite-aandeelhouers | **33 994** | 29 632 |
| Nie-bedryfslaste | **76 291** | 59 690 |
| Aanspreeklikheid vir aandeelgebaseerde betalings | **26 462** | 14 957 |
| Uitgestelde belasting | **49 829** | 44 733 |
| Bedryfslaste | **520 299** | 496 234 |
| Rekenings betaalbaar en voorsienings | **499 866** | 443 832 |
| Bankoortrekkings | **20 433** | 52 402 |
| Totale ekwiteit en laste | **1 722 286** | 1 555 482 |
| Getal uitgereikte aandele na aftrekking van tesourieaandele (000'e) | **99 269** | 98 371 |
| Netto batewaarde per gewone aandeel (sent) | **1 100** | 986 |
| Totale laste uitsluitend uitgestelde belasting: Totale ekwiteit (%) | **49** | 51 |
| Totale lenings: Totale ekwiteit (%) | **2** | 5 |

## VERKORTE GROEPKONTANTVLOEISTAAT

| | 2009 Geouditeer R'000 | 2008 Geouditeer R'000 |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | |
| Bedryfswins voor abnormale items | **410 866** | 317 284 |
| Aanpassing vir nie-kontant-items | **89 659** | 83 045 |
| **Kontantbedryfswins voor bedryfskapitaalveranderings** | **500 525** | 400 329 |
| Bedryfskapitaalveranderings | **(206 875)** | (79 496) |
| **Kontant gegenereer uit bedrywighede** | **293 650** | 320 833 |
| Rente en dividende ontvang | **16 509** | 20 998 |
| Rente betaal | **(5 600)** | (6 464) |
| Belasting betaal | **(138 822)** | (84 623) |
| Dividende betaal | **(170 984)** | (123 640) |
| **Kontant(uitvloei)/invloei uit bedryfsaktiwiteite** | **(5 247)** | 127 104 |
| **Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite** | **(62 429)** | (87 526) |
| Kapitaalbesteding | **(91 138)** | (127 511) |
| Opbrengs met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **10 275** | 2 478 |
| Netto beweging op lenings en voorskotte | **14 221** | 3 470 |
| Opbrengs met verkoop van beleggings | | 451 |
| Kontantverwante abnormale items | **4 213** | 4 546 |
| Netto verkoop en verkryging van besigheid | | 21 312 |
| Opbrengs op verkoop van visvangregte | | 7 728 |
| **Kontantinvloei/(uitvloei) uit finansieringsaktiwiteite** | **15 670** | (41 583) |
| Opbrengs uit uitreiking van aandelekapitaal | **14 472** | 10 817 |
| Korttermynlenings verkry/(terugbetaal) | **1 198** | (98) |
| Verkryging van tesourieaandele deur filiaal | | (52 302) |
| **Netto afname in kontant en kontantekwivalente** | **(52 006)** | (2 005) |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van die jaar | **218 133** | 218 369 |
| Uitwerking van wisselkoersveranderings | **2 843** | 1 769 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van die jaar** | **168 970** | 218 133 |


**Oceana Group Limited**

Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika • Registrasienommer: 1939/001730/06

**Direkteure:** MA Brey (voorsitter), RA Williams (visevoorsitter), FP Kuttel* (hoof uitvoerende beampte), PG de Beyer, ABA Conrad*, M Fleming, PB Matlare, RG Nicol*, S Pather, NV Simamane, TJ Tapela (*Uitvoerend)

**Geregistreerde kantoor:** 16de Verdieping, Metropolitansentrum, Coen Steytlerlaan 7, Kaapstad, 8001

**Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 (Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

**Borg: Suid-Afrika** – Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk • **Namibië** – Old Mutual Investment Services (Namibia) (Pty) Limited

**Maatskappysekretaris:** M Allie

**JSE-aandeelkode:** OCE • **NSX-aandeelkode:** OCG • **ISIN-nommer:** ZAE000025284


## VERKORTE GROEP SEGMENTELE VERSLAG

| | 2009 Geouditeer R'000 | 2008 Geouditeer R'000 |
|---|---|---|
| **Inkomste** | | |
| Kusvissery | **2 142 497** | 1 879 711 |
| Oopsee- en diepseevissery | **948 267** | 934 384 |
| Kommersiële koelbewaring | **210 524** | 188 381 |
| Totaal | **3 301 288** | 3 002 476 |
| **Bedryfswins voor abnormale items** | | |
| Kusvissery | **165 451** | 164 345 |
| Oopsee- en diepseevissery | **177 681** | 94 267 |
| Kommersiële koelbewaring | **67 734** | 58 672 |
| Totaal | **410 866** | 317 284 |
| **Totale bates** | | |
| Kusvissery | **926 830** | 697 947 |
| Oopsee- en diepseevissery | **286 029** | 283 247 |
| Kommersiële koelbewaring | **174 035** | 165 557 |
| Finansiering | **329 514** | 403 345 |
| | **1 716 408** | 1 550 096 |
| Uitgestelde belasting | **5 878** | 5 386 |
| Totaal | **1 722 286** | 1 555 482 |
| **Totale laste** | | |
| Kusvissery | **351 170** | 324 220 |
| Oopsee- en diepseevissery | **128 385** | 102 703 |
| Kommersiële koelbewaring | **44 437** | 34 247 |
| Finansiering | **22 769** | 50 021 |
| | **546 761** | 511 191 |
| Uitgestelde belasting | **49 829** | 44 733 |
| Totaal | **596 590** | 555 924 |

## VERKORTE GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | 2009 Geouditeer R'000 | 2008 Geouditeer R'000 |
|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | **999 558** | 905 522 |
| Aandele uitgereik | **12 979** | 9 588 |
| Toename in tesourieaandele gehou deur filiaal | | (52 302) |
| Afname in tesourieaandele gehou deur aandeletrusts | **1 187** | 1 282 |
| Beweging op valuta-omrekeningsreserwe | **(24 894)** | (2 974) |
| Beweging in kontantvloeiverskansingsreserwe | **(7 856)** | |
| Erkenning van aandeelgebaseerde betalings | **7 466** | 7 865 |
| Wins na belasting | **307 933** | 254 270 |
| Wins/(verlies) met verkoop van tesourieaandele | **307** | (53) |
| Dividende verklaar | **(170 984)** | (123 640) |
| Saldo aan die einde van die jaar | **1 125 696** | 999 558 |
| Bestaande uit: | | |
| Aandelekapitaal en -premie | **16 536** | 2 370 |
| Valuta-omrekeningsreserwe | **(2 518)** | 22 376 |
| Kapitaaldelgingsreserwe | **130** | 130 |
| Kontantvloeiverskansingsreserwe | **(7 856)** | |
| Aandeelgebaseerde betalingsreserwe | **32 015** | 24 616 |
| Uitkeerbare reserwe | **1 053 395** | 920 434 |
| Buite-aandeelhouersbelang | **33 994** | 29 632 |
| Totaal | **1 125 696** | 999 558 |

## AANTEKENINGE

| | | 2009 Geouditeer R'000 | 2008 Geouditeer R'000 |
|---|---|---|---|
| **1.** | **Abnormale items** | | |
| | Netto surplus met verkoop van eiendom | **8 474** | 1 684 |
| | Omswaaiing van voorsiening vir lenings in Namibiese witvis-sakeonderneming | **7 422** | 5 395 |
| | Wins met verkoop van belegging | **1 413** | 243 |
| | Voorsiening omgeswaai vir onverhaalbare lenings | **600** | 505 |
| | Versekeringsopbrengs | **2 799** | |
| | Waardedalingsverlies op vaartuie en toerusting | **(713)** | |
| | Aanwending van pensioenfondssurplus | **(666)** | |
| | Waardedalingsverlies op Wes-Australiese kreefvangregte | | (1 476) |
| | Wins met verkoop van Wes-Australiese kreefvangregte | | 4 565 |
| | Wins met verkoop van belang in sakeonderneming | | 809 |
| | Abnormale wins voor belasting | **19 329** | 11 725 |
| | Belasting | **(2 312)** | (319) |
| | Abnormale wins na belasting | **17 017** | 11 406 |
| | | Getal aandele '000 | '000 |
| **2.** | **Uitskakeling van tesourieaandele** | | |
| | Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele | **118 386** | 117 610 |
| | Minus: tesourieaandele gehou deur aandeletrusts | **(14 251)** | (14 375) |
| | Minus: tesourieaandele gehou deur filiaal | **(5 094)** | (4 514) |
| | Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel gegrond word | **99 041** | 98 721 |
| | | 2009 Geouditeer R'000 | 2008 Geouditeer R'000 |
| **3.** | **Bepaling van wesensverdienste** | | |
| | Wins na belasting toeskryfbaar aan eie aandeelhouers | **292 199** | 246 073 |
| | Aangepas vir: | | |
| | Netto surplus met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **(9 954)** | (1 684) |
| | Omswaaiing van voorsiening vir lenings in Namibiese witvis-sakeonderneming | **(7 422)** | (5 395) |
| | Wins met verkoop van belegging | **(1 413)** | (243) |
| | Waardedalingsverlies op vaartuie en toerusting | **713** | |
| | Waardedalingsverlies op Wes-Australiese kreefvangregte | | 1 476 |
| | Wins met verkoop van Wes-Australiese kreefvangregte | | (4 598) |
| | Wins met verkoop van belang in sakeonderneming | | (809) |
| | Voorsiening omgeswaai vir onverhaalbare lenings | | (505) |
| | Totale uitwerking van aanpassings op belasting | **2 641** | 321 |
| | Wesensverdienste vir die jaar | **276 764** | 234 636 |
| **4.** | **Dividende** | | |
| | Geraamde dividend na verslagdatum verklaar | **151 881** | 127 883 |
| | Dividend op aandele voor laaste verhandelingsdag uitgereik | | 607 |
| | Werklike dividend na verslagdatum verklaar | | 128 490 |
| **5.** | **Aanvullende inligting** | | |
| | Koste van verkope | **2 231 648** | 2 131 946 |
| | Waardevermindering | **72 035** | 67 255 |
| | Bedryfshuuruitgawe | **24 239** | 18 876 |
| | Netto valutaverlies/(wins) | **4 900** | (15 769) |
| | Kapitaalbesteding | **91 138** | 127 511 |
| | Uitbreiding | **19 618** | 89 384 |
| | Vervanging | **71 520** | 38 127 |
| | Begrote kapitaalverpligtinge | **105 264** | 125 778 |
| | Gekontrakteer | **9 449** | 27 769 |
| | Nie gekontrakteer nie | **95 815** | 98 009 |







## KOMMENTAAR

### Finansiële resultate

Verdienste per aandeel vir die jaar geëindig 30 September 2009 het met 10% gestyg, vergeleke met dié van die vorige jaar, en bedryfswins voor abnormale items het met 29% verbeter. Die ingemaaktevis- en marsbankerbesighede het buitengewone verbetering getoon, vergeleke met die vorige jaar, terwyl sommige van die ander besigheidseenhede deur die wêreldwye afswaai en die sterk Rand in die tweede helfte van die jaar geraak is.

Verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel vir die jaar geëindig 30 September 2009 het met 18% gestyg.

'n Einddividend van 153 sent per aandeel is verklaar, wat, tesame met die tussentydse dividend van 31 sent, die totale dividend vir die jaar op 184 sent per aandeel te staan bring, 'n toename van 18% teenoor die totale dividend van 156 sent vir 2008.

### Bedryfsoorsig

*Kusvissery*

Die totale toelaatbare vangs (TTV) vir sardyne in die 2009-kalenderjaar is 90 000 ton (2008: 90 776 ton). Die grootte en kwaliteit van die vis wat gevang is, was goed, wat tot beter inmaakopbrengste gelei het. Die produksie van ingemaakte vis by die St Helenabaai-inmaakfabriek was dienooreenkomstig hoër as dié van die vorige jaar. Die Namibiese sardyn-TTV was dieselfde as in 2008 op 15 000 ton, maar produksie by die Etosha Fishing-inmaakfabriek was laer as gevolg van 'n herrangskikking van kwotahouers wat kwota aan die maatskappy verskaf. Verkope van ingemaakte sardyne op die plaaslike mark het in terme van volume toegeneem, hoewel onvoldoende produkte beskikbaar was om ten volle in die vraag te voorsien. Bykomende voorraad is van verskeie internasionale verskaffers ingevoer om te help om in die markvraag te voorsien en Lucky Star se markleierskapsposisie te handhaaf. Dit het weer aanleiding gegee tot beduidend hoër bedryfskapitaalvereistes.

Volumes en marges by Glenryck Foods in die Verenigde Koninkryk het as gevolg van die bedrukte ekonomiese toestande gedaal.

Oorkoepelend was winsgewendheid uit ingemaakte vis hoër as in die vorige jaar.

Die ansjovis-TTV vir die 'A'-seisoen in 2009 was 449 437 ton en vir die 'B'-seisoen 120 000 ton (2008: 'A'-seisoen 397 500 ton; 'B'-seisoen 120 000 ton). Vangste was nie goed nie en op 30 September, die sluiting van die 'A'-seisoen vir ansjovis, het Oceana 42% van die beskikbare kwota gevang, effens meer as die bedryfstotaal. Net soos in die vorige jaar is dit onwaarskynlik dat die 'B'-seisoen se kwota teen 31 Desember gevang sal wees. Vismeelproduksievolumes was laer as verlede jaar s'n, hoewel die hoër verkoopprys op die plaaslike en uitvoermark tot groter winsgewendheid uit vismeel gelei het.

Die TTV vir weskuskreef is tot 2 340 ton verlaag (2008: 2 571 ton). Oceana se kwotas vir die seisoen tot 30 September 2009 het 348 ton beloop (2008: 373 ton), wat alles gevang is nadat vangste later in die seisoen verbeter het. Uitvoerpryse was laer in terme van buitelandse valuta, en as gevolg van die sterker Rand handelskoers gedurende die tweede helfte van die finansiële jaar was die omset laer. Kreefwinste was laer oor die hele jaar.

'n Uitgerekte staking deur vissers in die tjokkabedryf het daartoe gelei dat tjokkavangste laer as dié van verlede jaar was. Die lae volumes en beduidend laer Euro-verkooppryse het daartoe gelei dat 'n verlies gely is.

Verkoopsvolumes van die aartappelskyfiebesigheid was laer as die vorige jaar met die ekonomiese afswaai wat alle groot kliënte geraak het. Winste en marges is negatief beïnvloed deur hoë pryse van rou aartappels.

*Oopsee- en diepseevissery*

Die marsbanker-TTV in Suid-Afrika en Namibië was onveranderd op 31 500 ton en 230 000 ton onderskeidelik. Vangste was baie goed, met uitstekende vangskoerse per vaart en 'n beter samestelling van groter vis. Volumes in Namibië was beduidend hoër as verlede jaar s'n nadat 'n derde oopseetreiler in Augustus verlede jaar in bedryf gestel is. Die groter omset van eie vaartuie is geneutraliseer deur 'n groot daling in die verhandeling van vis wat gekoop is van buitelandse vlote wat in Mauritanië en die Stille Oseaan bedrywig is, met die gevolg dat algehele omset met 8% gestyg het. Bedryfswins was egter beduidend hoër as gevolg van die beter vangsprestasie, hoër pryse en beter marges.

Ondanks goeie stokvisbedrywighede het bedryfswinste uit hierdie sektor, waarin Oceana 'n minderheidsbelang gedaal het, as gevolg van swak markte.

*Koelbewaring*

Besetkoerse was oor die algemeen laer as gevolg van 'n afname in kliënte se invoervolumes, met die uitsondering van die pakhuise by Walvisbaai en Duncandok, Kaapstad, wat hoër benutting ervaar het. Hanteringsaktiwiteitvlakke van bevrore produkte was effens laer as dié van die vorige jaar. Die sterivrugtehanteringsfasiliteit op die Maydon-kaai het beter resultate getoon. Oorkoepelend het die bedryfswins 'n bevredigende verbetering getoon.

### Vooruitsigte

Die groep is goed geplaas om 'n verbetering in wêreldwye ekonomiese toestande te benut. Vangomstandighede in die Suider-Afrikaanse streek bly redelik stabiel, en die groep het geleenthede vir verdere organiese groei.

Namens die direksie

**MA Brey**
*Voorsitter*
12 November 2009

**FP Kuttel**
*Hoof uitvoerende beampte*

### Dividendverklaring

Kennis geskied hiermee dat 'n einddividend No. 132 van 153 sent per aandeel ten opsigte van die jaar geëindig 30 September 2009 op Donderdag 12 November 2009 verklaar is. Die toepaslike datums is die volgende:

| | |
|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling met dividend | Donderdag, 31 Desember 2009 |
| Verhandeling sonder dividend neem 'n aanvang | Maandag, 4 Januarie 2010 |
| Rekorddatum | Vrydag, 8 Januarie 2010 |
| Dividend betaalbaar | Maandag, 11 Januarie 2010 |

Aandelesertifikate mag vanaf Maandag 4 Januarie 2010 tot en met Vrydag 8 Januarie 2010 nie gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie.

Op las van die direksie

**M Allie**
*Maatskappysekretaris*
12 November 2009
Kaapstad

**www.oceana.co.za**

Hierdie verslag is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS) van toepassing op Tussentydse Finansiële Verslagdoening (IRS 34) en in ooreenstemming met die beginsels wat in die mees onlangs gepubliseerde finansiële jaarstate toegepas is, opgestel.

Die finansiële inligting is geouditeer deur ons ouditeure, Deloitte & Touche, wie se ongewysigde ouditmening by die geregistreerde kantoor van die maatskappy ter insae beskikbaar is.


GREYMATTER & FINCH # 4705